# BOEKBESPREKING.

J. A. L. Taljaard: **Franz Brentano as wysgeer. 'n Bydrae tot die kennis van die neo-positiwisme.** Pp. 324. Prys 30/-; Wever, Franeker; en Pro Rege-pers Bpk., posbus 343, Potchefstroom.

Franz Brentano (1838-1917) is ongetwyfeld een van die belangrikste figure onder die neo-positiviste van ons eeu. Sy invloed strek, vanweë sy volgelinge, baie verder as net die neo-positivisme as sodanig. So kan 'n reguit

lyn bv. getrek word van Brentano na Husserl en die fenomenologie, en vandaar weer na die irrasionalisme van Heidegger en ander eksistensialiste. Daarom moet dit verwelkom word dat dr. Taljaard hierdie wysgeer gekies het as onderwerp van sy proefskrif vir die doktorsgraad in die Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit te Amsterdam.

Maar ook om nog 'n ander rede sal die onderhawige werk meer as gewone belangsteling gaande maak onder alle filosowe wat prys daarop stel om tred te hou met die tye. Die universeel probleemhistoriese metode, geniale vinding van prof. Vollenhoven, word hier naamlik vir die eerste keer aangewend by die vertolking van 'n wysgeer uit die heel moderne tyd; voorheen is dit hoofsaaklik toegepas by die vorsing van die ou-Griekse filosofie (Vollenhoven, Runner e.a.).

Aan 'n werklik indringende waardeskatting van dr. Taljaard se werk sou 'n beoordeling van die probleemhistoriese metode derhalwe eintlik moet voorafgaan—maar laasgenoemde is 'n taak waarvoor ek my in hierdie stadium nie opgewasse ag nie. Dit is wel veelseggend dat die groot Aristoteles-kenner, prof. W. D. Ross, onlangs hoë lof gehad het vir die resultate wat hierdie metode gelewer het op die gebied van die Aristoteles-studie. My eie indruk is dat dit voortreflike diens kan doen om 'n bepaalde wysgeer konsepsioneel presies en noukeurig te „plaas"; om die fyner nuanseringe van sy denke duidelik aan te toon en te stel naas of teenoor dié van eners- en andersdenkendes; en om also uiteindelik te kom tot 'n gedetailleerde totaalblik oor die hele veld van die geskiedenis van die filosofie. Of die probleemhistoriese metode ewewel volledig reg laat geskied aan die radikale en integrale betekenis van die religie vir die teoretiese denke, is 'n vraag wat ek in die midde laat.

Selfs 'n onberispelike metode is egter nog geen waarborg vir deugdelike resultate nie; alles hang per slot van rekening af van die kundigheid en kennis waarmee dit gehanteer word. En hierin stel dr. Taljaard ons nie teleur nie; inteendeel, hy betoon homself 'n man van wetenskap en 'n wysgeer met heel besondere kwaliteite. Van baie groot betekenis is bv. sy bevinding dat die ontwikkelingsgang in Brentano se denke nie allereers kenteoreties nie maar ontologies benader en vertolk moet word; dit is 'n besliste nuwe bydrae tot ons kennis. Op sy beste is hy by die presisering van die vier konsepsies by Brentano; dit is waarlik 'n model van sprankelende en deurtastende vorsing wat die skrywer eer aandoen. En die verbasende noukeurigheid waarme die invloede aangedui word wat Brentano ondergaan en uitgeoefen het, sal genot verskaf selfs aan die mees kritiese wysgerige fynproewer. Dit ly geen twyfel nie dat dr. Taljaard se indrukwekkende studie ons veel nader gebring het aan die wesenlike Franz Brentano. En hoër lof as dit kan aan 'n vorser nie betuig word nie.

Dr. Taljaard se proefskrif is 'n werk wat geen student van die neo-positivisme in die toekoms sal kan ontbeer nie.

E. A. VENTER.

Bloemfontein.